# ONTSPANNING IN STEDELIKE SWART WOONGEBIEDE: BEPLANNINGSRIGLYNE IN 'N KRISISSITUASIE

**Dr G D H Wilson en Prof P S Hattingh**
***Manuskrip aanvaar Junie 1991***

*Urbanized areas in South Africa are increasingly fraught with the severe problem of a lack of open space. Against this background the recreation crisis in urban black townships is discussed. Intense demand for space in the growing urban areas holds the danger of utilizing all available space for housing at the expense of the development of recreation facilities which, in black urban areas, is continually being neglected. Findings of a research project in the PWV area (1986-1989) indicated that poor planning and undefined long term objectives have, to a large extent, caused the present crisis in providing for recreation. Very often the authorities concerned have had to resort to reactive crisis management as the only option. Yet urbanization is not a sudden occurrence and long term planning to provide simultaneously for recreation and housing, is the ideal. Several guidelines for planning, based on research findings, are suggested to address problems in existing townships and to prevent newly developed towns from experiencing similar crises.*

*Die oopruimtekrisis wat gepaard gaan met toenemende verstedeliking in Suid Afrika vorm die agtergrond vir 'n bespreking van die ontspanningskrisis in stedelike swart woongebiede. Die groot vraag na ruimte in die groeiende stedelike gebiede hou die gevaar in dat alle beskikbare ruimtes vir behuising benut sal word en ontspanningsvoorsiening in die swart stedelike gebiede steeds agterweë sal bly. Bevindings van 'n ondersoek in die PWVstreek (1986-1989) dui daarop dat gebrekkige beplanning en ongedefineerde langtermyndoelwitte grootliks verantwoordelik was vir die huidige ontspanningsvoorsieningkrisis. Reaktiewe krisisbestuur is dikwels die betrokke owerhede se enigste uitweg. Verstedeliking vind egter nie oornag plaas nie en die ideaal is langtermynbeplanning met die oog op oopruimtevoorsiening vir ontspanning te midde van voldoende ruimtevoorsiening vir behuising. Ten einde die situasie in gevestigde dorpe te beredder en te verseker dat nuwe dorpe nie soortgelyke krisisse in die gesig staar nie, word 'n aantal beplanningsriglyne, gegrond op navorsingbevindings, aan die hand gedoen.*

## 1 KRISIS IN STEDELIKE OOP RUIMTES

Probleme rondom swart verstedeliking word in toenemende mate onder die openbare aandag gebring deur o.a. plakkers wat onbenutte ruimtes in stedelike gebiede beset. Terwyl op talle vlakke uitsprake gelewer word oor planne om oop ruimtes vir die vestiging van dakloses op te eis, word die aandag weggelei van ander aspekte van Suid-Afrika[1] se verstedelikingsprobleem, nl. dat die grootste gedeelte van die tekort aan swart huisvesting eintlik onsigbaar is - versteek in die agterplase van inwoners in gevestigde swart dorpe, waar soveel as 26 mense op een erf woon (*Beeld* 1990a). Oop ruimtes in dié dorpe wat vir ander doeleindes geoormerk is, word toenemend deur haweloses betrek - in Soweto is selfs die gholfbaan al ingeneem. Die hoë bevolkingsdigthede in stedelike swart gebiede (soveel as 211 persone per hektaar (Suid-Afrika, 1983a)) word in die proses nog verder verhoog, sodat van 'n oopruimtekrisis in stedelike swart woongebiede gepraat kan word. Daarteenoor is die totstandkoming van nuwe plakkersgemeenskappe op onbesette ruimtes aangrensend aan gevestigde blanke of swart woonbuurte reeds 'n voldonge feit. Dit vestig opnuut die aandag op die noodsaaklikheid van ruimtelike beplanning vir toekomstige verstedeliking. So gesien is die swart verstedelikingsproses 'n tweeledige probleem waarvan die een deel nie ten koste van die ander in isolasie aangespreek kan word nie.

In hierdie bydrae word 'n aantal faktore onderliggend aan die omvang van die oopruimtekrisis in terme van swart verstedeliking van nader toegelig voordat die uitwerking daarvan op ontspanning in die stedelike swart woongebiede kortliks bespreek word. Ten slotte word riglyne aan die hand gedoen vir beplanningsoptrede om die probleme aan te spreek.

### 1.1 Swart stedelike bevolkingstoename

Namate die stedelike swart woongebiede se bevolking toeneem, kan omvangryke probleme m.b.t. lewensgehalte-oorwegings uit die akkommodasie van getalle spruit (Suid-Afrika, 1985b:56). Hieruit volg onder meer dat 'n groot verskeidenheid ontspanningsfasiliteite en -dienste in die stedelike gebiede benodig sal word (Steyn, 1983:124).

'n Begrip van moontlike toekomstige bevolkingsgetalle en daarmee gepaardgaande druk op ontspanningsvoorsiening kan verkry word uit 'n kort oorsig oor verstedelikingspatrone. Teen 1985 was 38% (ongeveer nege miljoen) van die swartes in Suid-Afrika verstedelik, teenoor die hoë verstedelikingspeil wat die ander bevolkingsgroepe reeds bereik het, nl. Asiërs (93%), blankes (90%) en kleurlinge (78%) (Suid-Afrika, 1985a:40). Dit dui daarop dat toekomstige verstedeliking hoofsaaklik vanuit swart geledere sal plaasvind. Volgens enkele beramings sal tussen 60% en 75% van Suid-Afrika se swart bevolking teen die jaar 2000 verstedelik wees (Dewar, 1976; Mostert *et al*, 1985). Dit impliseer vir Huntley *et al*

[1] Tensy anders vermeld, sluit Suid-Afrika die TBVC-lande en selfregerende gebiede in.

(1989:51) dat Suid-Afrika se swart bevolking tot die einde van die eeu met 750 000 per jaar sal toeneem. Giliomee en Schlemmer (1985:11) merk op dat "... perhaps the greatest challenge in the South African history is to cope with the rapid urbanization of millions of Blacks over the next fifteen years".

### 1.2 Ruimte benodig vir behuising

Die snel tempo van verstedeliking sal nuwe woongebiede in die stedelike sentra tot gevolg hê, waarvan die inwoners volgens Steyn (1983:132) waarskynlik hoofsaaklik in die ongeskoolde, lae-inkomstegroep sal val wat nie in staat sal wees om in hulle eie behuisingsbehoeftes te voorsien nie. Die Stedelike Stigting beraam dat sowat 400 000 bykomende wooneenhede per jaar tot die jaar 2000 nodig sal wees (*Beeld*, 1990b).

Die bykomende vestigingsruimte wat die groeiende bevolking sal benodig (Tabel 1) kan verreikende implikasies vir ontspanning inhou. Die Pretoria-Witwatersrand-Vereenigingstreek (PWV-streek), waarvan die behuisingsnood redelik algemeen bekend is, kan ter illustrasie dien. Indien al die bestaande uitbreidingsmoontlikhede in aanmerking geneem en behuisingsdigthede verhoog word tot vlakke wat tans ongekend is in die land, sal dit steeds nie 'n oplossing bied vir die vraag na ruimte wat swart verstedeliking oor die lang termyn gaan meebring nie (Suid-Afrika, 1983a:1).

## 2 DIE BEHOEFTEKRISIS: ONTSPANNINGSRUIMTES

### 2.1 Behuising nie die enigste nood

Terwyl die groot nood aan behuising vir stedelike swartes noodwendig groot kapitaaluitgawes sal vereis, behoort behuising nie in isolasie van ander lewensaspekte beskou te word nie. Gesinne wat onder onbevredigende omstandighede woon soek meestal 'n verhoging in lewenspeil benewens 'n dak oor die kop. Dit beteken dat skole, klinieke en ander geriewe ook verskaf moet word (*Finansies & Tegniek*, 1990). Om slumtoestande te vermy ten gunste van ordelike informele nedersettings, sal groot bedrae beskikbaar gestel moet word vir dienste soos water, sanitasie, elektrisiteit, onderwys en vervoer. Lae persoonlike mobiliteit beteken dat die inwoners primêr op hulle woongebiede aangewese is vir die bevrediging van bykans die totale spektrum van hulle daaglikse ontspanningsbehoeftes (Steyn *et al*, 1985:62).

Die groot vraag na ruimte om die groeiende stedelike gebiede se inwoners te huisves, hou die gevaar in dat alle beskikbare ruimtes vir behuising benut sal word en onstpanningsvoorsiening in die swart stedelike gebiede steeds agterweë sal bly. Hierdie aspek word deur een van Kies (1982:23) se respondente treffend verwoord:

> "Where can you go? There is no place. And recreation is important. The very first thing to go up is houses, houses, houses. Houses and water reticulation. No streets. No electric lights. Yes, give me a house. I want a roof over me. But what can I do? Where do I do it? Recreation? That can come 10 or 15 years later."

### 2.2 Die ontspanningskrisis

Die voorsiening van ontspanningsfasiliteite in Suid-Afrika se stedelike swart woongebiede het tot nog toe betreklik min aandag geniet, veral tydens die vestiging van nuwe swart stedelike gebiede (Putterill en Bloch, 1978:14). Plaaslike owerhede was tot 1948 hoofsaaklik verantwoordelik vir huisvesting aan die steeds groeiende getalle in swart woongebiede. Hulle was egter traag om voldoende voorsiening te maak vir huisvesting, skole, ontspannings- en ander geriewe, wat bygedra het tot die ontstaan van krotwoonbuurte (Smit en Booysen, 1981:21).

Na die Nasionale Party se bewindsoorname in 1948 was owerheidsbeleid gemik op die bevordering van tuislandontwikkeling in 'n poging om swart verstedeliking in "blanke" gebied te beperk (Olivier, 1984:25-29). Dit het daartoe gelei dat baie fasiliteite op 'n tydelike basis voorsien is omdat swartmense as tydelik-teenwoordig in stedelike gebiede gesien is (Smit en Booysen, 1981:78-84). Gevolglik het die swart woongebiede binne 'n spesifieke wetlik-administratiewe raamwerk tot stand gekom, wat volgens Beukes en Langley (1986:64) gelei het tot ontoereikende ontspanningsvoorsiening. Hoewel baie wetlike beperkings reeds opgehef is, is die invloed daarvan nog duidelik waarneembaar in die agterstand in die voorsiening van ontspanningsfasiliteite.

Die tekortkominge is veral opvallend indien ontspanningsfasiliteite in swart woongebiede vergelyk word met fasiliteite in blanke woongebiede. In verband met laasgenoemde bevind die RGN (1982:90) in sy sportondersoek dat blankes in terme van "verskeidenheid, getal, kapasiteit en kwaliteit" aansienlik beter daaraan toe is as die ander bevolkingsgroepe. In 'n bespreking van die sg. "People's Parks" in swart woongebiede, kom Butler-Adam en Franke (1986:79) tot die slotsom: "... there is no doubt that recreation is one of the areas in South African life in which social injustice is most clearly marked. Recreation (as a need) and facilities for its expression are both neglected or are given low priorities".

### 2.3 Behoeftes volgens navorsingsbevindings

Hierdie bespreking is gebaseer op bevindings van 'n omvattende ondersoek na ontspanning in stedelike swart woongebiede van die PWV-streek (Wilson en Hattingh, 1988; Wilson, 1989) wat tussen 1986 en 1989 gedoen

TABEL 1:
SWART VERSTEDELIKING IN DIE PWV-STREEK, 1982- 2020

| | 1982 | 1990 | 2000[1] | 2020[1] | Totale toename |
|---|---|---|---|---|---|
| Bevolking (miljoen) | 4,07 | 4,66 | 6,57 | 8,85 | 4,78 |
| Behuisingstekort (eenhede) | 172 000 | 241 790 | 510 510 | 806 040 | 634 040 |
| Bykomende ruimte (ha) | 2 240 | 7 246 | 26 526 | 47 724 | 44 484 |

1. Syfers geprojekteer op grond van inligting verskaf aan die Departement Ontwikkelingshulp deur die destydse administrasierade (Suid-Afrika, 1983:257).

Bron: Suid-Afrika, 1983a:22-32 (verwerk).

is. Deur ontspanning in genoemde streek na te vors, is insigte verkry wat op die breë spektrum van stedelike swart woongebiede in Suid-Afrika toegepas kan word. 'n Aantal dorpe is as verteenwoordigend van die streek gekies aan die hand van die volgende kriteria:

> Swart gemeenskappe in verskillende ontwikkelingstadiums en omstandighede; grootte van dorpe; bevolkingsdigthede; publieke ruimtesisteme en stedelike uitlegtipes; en ligging van dorpe.

Die sewe dorpe (met hulle nabygeleë 'blanke' dorpe/stede) waar die ondersoek uitgevoer is, is Soweto (Johannesburg), Soshanguve (Pretoria), Evaton (Vanderbijlpark), Tokoza (Alberton), Ratanda (Heidelberg), Zamdela (Sasolburg) en Botleng (Delmas).

Vyf data-insamelingstegnieke is gebruik: (1) gestruktureerde vraelyste is aangewend in 'n opname onder 1 500 inwoners van die studiegebied in 'n ewekansige steekproef, uitgevoer deur die Meningspeilingsentrum van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing; (2) oop vraelyste is aan die betrokke plaaslike owerhede gestuur; (3) persoonlike onderhoude is gevoer met 'n groot aantal persone, van wie die meeste inwoners van die studiegebied was; (4) empiriese waarneming is tydens veldwerk gemaak; en (5) inligting is d.m.v. 'n omvattende literatuurstudie verkry.

Op grond van die groot mate van ooreenstemming wat daar tussen die ontspanningspatrone en -behoeftes van die verskillende dorpe in die studie gebied bevind is, kan breë riglyne wat vir al die swart woongebiede van die PWV-streek geld, gegee word. Ofskoon die meeste aanbevelings as algemeengeldend vir stedelike swart woongebiede in Suid-Afrika beskou kan word, moet ruimte gelaat word vir individuele of streeksverskille.

## 3 BEPLANNINGSKRISIS

Gebrekkige beplanning en ongedefinieerde langtermyndoelwitte was grootliks verantwoordelik vir die huidige ontspanningsvoorsieningkrisis. Ontspanning soos gemanifesteer in stedelike swart woongebiede het grootliks beslag gekry binne die oorkoepelende verstedelikingsproses. Swart verstedeliking is in Suid-Afrikaanse konteks op besondere wyse gerig deur owerheidsbesluitneming en die siening dat die swart gemeenskappe slegs tydelike inwoners van die blankbeheerde deel van Suid-Afrika is. Oor die lang termyn is gestrewe na die uiteindelike terugkeer van alle stedelike swartes na hulle onderskeie nasionale state, terwyl korttermyndoelstellings die strenger toepassing van instromingsbeheermaatreëls en opskorting van eiendomsregte in blanke gebied was (Morris, 1981). Dit het meegebring dat owerhede traag was om dienste soos ontspanningsfasiliteite in die swart woongebiede te vestig. Die effek wat owerheidsbeleid en -optrede in die verlede op die voorsiening van ontspanningsfasiliteite in die stedelike swart woongebiede gehad het, word duidelik deur 'n analise van die ontspanningsfasiliteite wat tans in die studiegebied beskikbaar is, geïllustreer.

In al die dorpe wat by die studiegebied ingesluit is, is voorbeelde gevind van ontoereikende voorsiening, gebrekkige beplanning en ontwikkeling wat gekniehalter is deur die tydelikheidsbeginsel. Sedert 1986 is swart plaaslike owerhede verantwoordelik vir die administrasie van die swart dorpe, en dit sluit die voorsiening en ontwikkeling van ontspanningsfasiliteite in. Uit inligting wat van die swart plaaslike owerhede verkry is, is dit duidelik dat reaktiewe krisisbestuur dikwels hulle enigste uitweg is. Die ideaal is egter langtermynbeplanning met die oog op oopruimtevoorsiening vir ontspanning te midde van voldoende ruimtevoorsiening vir behuising. Ten einde die situasie in gevestigde dorpe te beredder en te verseker dat nuwe dorpe nie soortgelyke krisisse in die gesig staar nie, word vervolgens 'n aantal beplanningsriglyne aan die hand gedoen.

### 3.1 Kwantitatiewe Riglyne

Tydens die ondersoek na ontspanning in die swart woongebiede (Wilson, 1989) is ontspanningsbehoeftes geïdentifiseer aan die hand van deelnamepatrone, die menings van inwoners in onderhoude en uitgesproke behoeftes volgens plaaslike owerhede en inwoners.

'n Ontleding hiervan gee 'n aanduiding van die basiese fasiliteite wat vir elke dorp as ideaal gestel kan word, naamlik

* 'n gemeenskapsentrum wat voorsiening maak vir binnenshuise sportsoorte;
* 'n bioskoop;
* 'n biblioteek;
* voldoende kinderspeelparke;
* 'n piekniekterrein of dagbesoekoord vir informele buitelugontspanning;
* 'n meerdoelige stadion vir sokker/atletiek;
* voldoende addisionele sokkervelde;
* 'n swembad;
* meerdoelige bane vir netbal/tennis/vlugbal (kombibane); en
* 'n verskeidenheid binnenshuise ruimtes vir die akkommodasie van sosiale ontspanningsaktiwiteite (bv. klubs, restaurante ens.).

Hierdie basiese voorsiening kan vir individuele dorpe aangepas en uitgebrei word na gelang van plaaslike omstandighede, met die toereikende voorsiening van fasiliteite om die probleem van *oorbenutting* te voorkom, steeds as mikpunt. In dié verband kan die drempelwaardes verskaf deur Wilson & Hattingh (1988:134) nuttig wees (Tabel 2).

TABEL 2: DREMPELWAARDES VIR ONTSPANNINGSFASILITEITE IN STEDELIKE SWART WOON-GEBIEDE, 1988

| FASILITEIT | DREMPELWAARDES (aantal inwoners per enkel fasiliteit) |
|---|---|
| Sokkerveld | 2 250 |
| Tennisbaan | 1 440 |
| Netbalbaan | 3 170 |
| Vlugbalbaan | 10 560 |
| Sagtebal | 13 100 |
| Gimnasium (boks, karate, liggaamsbou) | 14 640 |
| Gemeenskapsaal | 15 000 |
| Swembad | 60 500 |
| Atletiekbaan | 104 300 |
| Gholfbaan | 278 000 |

Bron: Wilson & Hattingh, 1988:134

In die lig daarvan dat talle inwoners se ontspanningsdeelname deur koste-, vervoer- en afstandfaktore beperk word, word voorgestel dat op alle behoeftevlakke vir ontspanning voorsiening gemaak word. 'n Wye verskeidenheid fasiliteite in verskillende kombinasies van ligging, kapasiteit, funksie en ontwikkeling word tans vir ontspanning in die studiegebied gebruik. Hoewel daar nie 'n universele sisteem

bestaan waarvolgens fasiliteite geklassifiseer kan word nie, word verskeie sisteme in die literatuur genoem. Gold (1980:127) noem onder meer klassifikasies volgens *gebruik, gebruiksintensiteit, eienaarskap* en *ontwikkeling*. Buitelugontspanningsgebruike word deur Clawson & Knetsch (1966) geklassifiseer as *verbruikersgerig, hulpbrongerig* of *intermediêr*. Hierdie terme is later deur Burton (1971) aangepas om alle ontspanningsruimtes in te sluit deur ses geografiese beskrywings, naamlik *plaaslik, woonbuurt, distrik, dorp, streek* en *nasionaal*. As basis vir die ontwikkeling van sportfasiliteite stel Steyn (1987:3-4) 'n verdeling tussen *buurtfasiliteite* en *gesentraliseerde fasiliteite* voor volgens 'n hiërargiese groepering van sportfasiliteite.

Ten spyte van die wyd erkende belangrikheid van klassifikasiesisteme kon daar in die analise van ontspanningsruimtes in die studiegebied bykans geen aanduiding van die aanwending van sodanige sisteme gevind word nie. 'n Uitsondering is Soshanguve, waar beplanningsriglyne wat oopruimtestandaarde en klassifikasies insluit, wel sedert 1985 toegepas word. Die plaaslike stadion is byvoorbeeld opgerig as basis vir 'n hoofpark, maar die toepassing is nie konsekwent nie: losstaande fasiliteite soos die swembad en tennisbane kom wel voor. 'n Poging tot voorsiening volgens 'n klassifikasiestelsel is in Zamdela aangewend waar die meerdoelige sportkompleks bedoel is as 'n gemeenskapspark, maar swak beplanning in die verlede kortwiek die effektiwiteit daarvan. Omdat te min oop ruimtes vir ontspanning gesoneer is, moes die sportkompleks in die buffersone aangrensend aan die dorp ontwikkel word.

In navolging van genoemde klassifikasiesisteme word aanbeveel dat die ontspanningsfasiliteitie *gegroepeer* word om op plaaslike vlak, woonbuurt-, gemeenskaps- en stadsvlak in die inwoners se behoeftes te voorsien. In Tabel 3 word die groeperings opgesom. Sosiale ontspanningsruimtes soos klubs en restaurante asook bioskope word nie hierby ingesluit nie aangesien dit eerder deur die privaatsektor op vraag-en-aanbod-grondslag voorsien kan word.

Ten opsigte van 'n gemeenskapsentrum word aanbeveel dat dit, afgesien van 'n saal vir binnenshuise spele, klub- en verenigingsaktiwiteite en privaat funksies, ook ruimte bied vir sosiale en maatskaplike dienste en onder meer 'n huisvlytsentrum insluit. Ideaalweg sal die gemeenskapsbiblioteek in dieselfde gebou geakkommodeer word. Waar 'n gimnasium opgerig kan word, kan dit sportsoorte soos boks en karate huisves en sodoende druk op die gemeenskapsale verlig. Die ruimte onder die toe pawiljoen van 'n sokkerstadion kan moontlik as gimnasium ingerig word (kyk ook 3.3).

Vir dorpe met 'n bevolking van 120 000 of meer word aanbeveel dat een van die gemeenskapsfasiliteite opgegradeer word tot 'n sentrale sportkompleks op stadsvlak (Wilson en Hattingh, 1988:143). Dit sal veral beteken dat die stadion vergroot word. Die Transvaalse Provinsiale Administrasie beveel aan dat so 'n stadion 'n twintigste van die bevolking kan huisves (Suid-Afrika, 1983b). 'n Swembad van olimpiese standaard vir die aanbied van galas is opsioneel. Weens die geïdentifiseerde behoefte aan buitelugontspanningsfasiliteite, word aan die hand gedoen dat so 'n ruimte, bv. 'n piekniekterrein, binne maklike reikafstand (stapafstand) van elke dorp voorsien word (verkieslik binne 5 km vanaf die betrokke woonbuurt).

**3.2 Kwalitatiewe Riglyne**

Terwyl die tekort aan ontspanningsfasiliteite die inwoners se ontspanningsgeleenthede beperk, werk die ontoereikende kwaliteit van fasiliteite belemmerend in op hulle ontspanningservaring. Tydens die opname is bevind dat die inwoners baie negatief voel oor die kwantiteit sowel as die kwaliteit van ontspanningsfasiliteite in hulle omgewing. Die gevoel word opgesom deur een van die sportbeamptes in Soweto se mening: "With regard to recreational facilities, it is minus 10. There is nothing to think good of. People can't think anything of something they don't have." Die dispariteit tussen fasiliteite in swart en blanke dorpsgebiede is 'n baie netelige kwessie, sodat die volgende as algemene riglyn gegee word:

* Sorg moet gedra word dat alle nuwe fasiliteite wat opgerig word, van *aanvaarbare standaard* is. Tydens 'n onderhoud het 'n inwoner die algemene gesindheid onomwonde as volg gestel: "If a facility does not compare with some of the facilities in the white areas, it is not accepted." 'n Fasiliteit van minderwaardige gehalte gee aanleiding tot *onvergenoegdheid*. Materiaal wat die indruk kan skep dat die fasiliteit net tydelik voorsien word, behoort vermy te word.
* Fasiliteite soos 'n stadion en gemeenskapsentrum dien as simbole van 'n dorp waarop die inwoners trots wil wees. Ter bereiking hiervan kan eerder minder fasiliteite wat gelykwaardig is aan dié in

TABEL 3: GROEPERING VAN ONTSPANNINGSRUIMTES VIR STEDELIKE SWART WOONGEBIEDE

| FASILITEIT | PLAASLIKE VLAK ±3 000 mense | WOONBUURTVLAK ±15 000 mense | GEMEENSKAPSVLAK ±60 000 mense |
|---|---|---|---|
| Sokkerveld (oop) | 1 | 1 | 4 |
| Sokkerveld (met pawiljoen) | | 1 | |
| Stadion (sokker en atletiek) | | | 1 |
| Tennisbaan | 1 | 2 | 2 |
| Kombibaan | 1 | 4 | |
| Speelpark | 1 | 1 | 1 |
| Gemeenskapsaal | | 1 | |
| Netbalbaan | | | 2 |
| Swembad | | | 1 |
| Gimnasium | | | 1 |
| Gemeenskapsentrum | | | 1 |

Bron: Wilson & Hattingh, 1988:142 (aangepas)

blanke gebiede opgerig word in plaas van 'n groot aantal minderwaardige geriewe.

### 3.3 Plasingsriglyne

Swak plasing van ontspanningsruimtes het verskeie probleme tot gevolg, veral ten opsigte van die bereikbaarheid en beveiliging van fasiliteite. Doeltreffende beplanning kan 'n belangrike bydrae lewer om toekomstige probleme te minimaliseer. Daarvoor word die volgende riglyne aan die hand gedoen:

* Die sokkerstadion wat op gemeenskapsvlak voorsien word is gewoonlik die grootste ontspanningstruktuur in die dorp. Dit moet so sentraal as moontlik geplaas word met inagname van *toeganklikheid*, veral m.b.t. openbare vervoer en voetgangerverkeer, en die nabyheid van skole om die moontlike *deelbenutting* van fasiliteite te bevorder.
* Sentrale tennis- en netbalbane moet verkieslik by of naby die stadion voorsien word om effektiewe beheer en toesig te bewerkstellig.
* Gedesentraliseerde kombi- en sokkervelde kan verspreid deur die dorp op plaaslike vlak voorsien word met klem op toeganklikheid en *bereikbaarheid* – dit behoort binne *stapafstand* (± 5 km) vanaf inwoners se wonings te wees.
* 'n Binnenshuise sportsentrum moet verkieslik ook by die stadion geleë wees om *beheer en bestuur* te vergemaklik.
* Gemeenskapsale/-sentrums wat vir 'n verskeidenheid aktiwiteite van klubs en verenigings, gesondheids- en maatskaplike dienste en privaatfunksies soos troues gebruik kan word, moet op *gedesentraliseerde basis* (woonbuurtvlak) voorsien word waar dit binne stapafstand vir gebruikers is.
* Sosiale ontspanningsruimtes soos bioskope, restaurants, nagklubs en dansplekke is reeds in 'n groot mate geprivatiseer en behoort geheel en al aan die *privaatsektor* oorgelaat te word. Alhoewel dit verkieslik in die SSK gelokaliseer moet wees, behoort die ligging daarvan, soos in die geval van sjebeens, deur *vraag en aanbod* bepaal te word.
* Fasiliteite vir buitelugontspanning se plasing is van fundamentele belang en word eerstens bepaal deur die *estetiese waarde* van die natuurlike omgewing. Vallei- en spruitareas kan hiervoor benut word, maar piekniekterreine vir daguitstappies moet verkieslik binne *stapafstand* (± 5 km) vir die meeste inwoners wees.
* Vanweë die algemene en dringende behoefte aan speelparke moet daar *soveel as moontlik* ontwikkel word. Speelparke vereis nie groot terreine nie – uitskotgrond wat nie vir ander doeleindes benut kan word nie, is moontlik geskik om in doeltreffende speelparke omskep te word. Dit moet deur die woonbuurte *versprei* word en veilige toegang vir alle kinders verseker.

### 3.4 Ontwerpriglyne

Talle knelpunte in die benutting van ontspanningsruimtes kan vermy of minstens verminder word deur meer effektiewe ontwerp. Die volgende riglyne word aan die hand gedoen:

* Die beginsel van *meerdoelige benutting* van fasiliteite moet in alle gevalle ondersoek en geïmplimenteer word waar dit prakties uitvoerbaar is sonder om kwaliteit in te boet. Die ontwerp van 'n sokkerstadion kan byvoorbeeld voorsiening maak vir 'n atletiekbaan en die aanbieding van musiekuitvoerings.
* Die aanbring van *spreiligte* vergemaklik die benutting van buitelugfasiliteite deur pendelaars wat laat tuiskom. Die plasing van hoë dorpsligte naby sportvelde kan in dié verband waarskynlik 'n koste-effektiewe alternatief wees.
* Informele ontspanningsaktiwiteite vind spontaan plaas en kan nie geformaliseer word nie. By die uitleg en ontwikkeling van sakegebiede, inkopiesentrums, busterminusse en taxistaanplekke behoort egter voorsiening gemaak te word vir sodanige aktiwiteite deur die volgende in gedagte te hou:
  - weervaste en duursame *sitplekke* moet voorsien word;
  - *skadu en beskerming* teen die elemente kan voorsien word in die vorm van bome en/of afdakke;
  - *effektiewe spreibeligting* bevorder veiligheid; en
  - voldoende *toiletgeriewe en vullishouers* moet voorsien word om higiëniese toestande te verseker.
* Ten einde die probleme van wanbenutting en vandalisme te beperk, moet die ontwerp van fasiliteite voorsiening maak vir *voldoende toesig en beheer*, bv. 'n opsigterswoning op die terrein van die swembad of stadion. *Effektiewe omheinings* en *verligting* verminder betreding en beskadiging van fasiliteite. Fasiliteite moet van *duursame materiaal* gebou word. Alle strukture, omheinings en toerusting behoort stewig, duursaam en sover moontlik bestand teen vandale te wees. Die opsie om komponente wat maklik vervangbaar is te gebruik en sodoende moontlike verlies te verminder kan baie aantreklik lyk, maar daar moet teen die gebruik van minderwaardige materiaal gewaak word. Enige struktuur wat as "tydelik" of "tweedeklas" geïnterpreteer kan word, is heeltemal onaanvaarbaar vir die inwoners.

### 3.5 Algemene Beplanningsriglyne

Ter wille van effektiewe voorsiening van ontspanningsfasiliteite, word as uitgangspunt gestel dat ontspanningsruimtes reeds in die beplanningsfase van 'n dorp geïdentifiseer en geskikte oop ruimtes dienooreenkomstig gesoneer word. Ontwikkeling daarvan moet gelyktydig met dorpsontwikkeling geskied om te verhoed dat die oop ruimtes tot rommelhope verval, soos reeds in die studiegebied gebeur het. Hierdie beginsel geld ook vir terreine waar gedienste erwe vir informele behuising voorsien word, en oop ruimte wat vir ontspanning gesoneer is, so gou as moontlik ontwikkel moet word om te voorkom dat dit wederegtelik deur plakkers beset word. Daar word aanbeveel dat die volgende aspekte, sowel as alle voorafgaande riglyne, tydens die beplanning van nuwe dorpe pertinent aandag geniet.

* Die persentasie grond wat vir ontspanning benodig word, behoort reeds in die *dorpsbeplanningsfase* bereken te word, terwyl die spesifieke ligging, grootte en aard van ontwikkeling ook aangedui moet word. Ontspanningsontwikkeling

kan nie bloot op uitskotgrond plaasvind nie.

* die onstpanningsbehoeftes van inwoners van die swart woongebiede sluit 'n duidelike behoefte aan oop ruimtes soos parke en piekniekterreine vir buitelugontspanning in (kyk 3.1). By die beplanning van sodanige oop ruimtes moet die *omgewing se potensiaal vir natuurgeoriënteerde ontspanning* vroegtydig geïdentifiseer en by die uitleg van 'n dorp in ag geneem word. Ekoloë en omgewingskundiges kan hiertoe vrugbare insette lewer. Dit is meer effektief om 'n bestaande fokuspunt soos 'n spruit, dam of koppie te ontwikkel as om 'n onaantreklike terrein esteties aanvaarbaar te probeer maak. Die grootskaalse aanplanting van inheemse bome kan nie genoeg gepropageer word nie. Die swart woongebiede word gekenmerk deur die bykans volslae afwesigheid van bome, maar namate die gebruik van elektriese krag toeneem kan die behoefte aan brandhout afneem. Uiteindelik kan nuwe aanplantings die omgewing verfraai en spontane informele ontspanning bevorder.
Talle swart dorpe in die PWV-streek verkeer in die dilemma dat hulle ontwikkeling reeds te ver gevorder het sonder 'n behoorlik geïntegreerde oopruimtesisteem. Waar *aaneenlopende oop ruimtes* bestaan, soos in Soweto en Evaton, kan dit deur effektiewe beplanning behou en uitgebou word as basis vir oopruimtesisteme wat geleentheid tot buitelugontspanning bied. Bestaande oop ruimtes moet so sinvol as moontlik met mekaar verbind word, byvoorbeeld koppies en spruit- of rivieroewers, spoorwegen padskouers, parkeerareas en tuine van openbare geboue soos hospitale.

* 'n Betekenisvolle bevinding is die waarde wat die inwoners van die studiegebied aan die huis as ontspanningsruimte heg. Vir 67,6% inwoners is die huis die belangrikste ontspanningsomgewing. Dié voorkeur het besliste beplanningsimplikasies. Waarneming in die betrokke gebiede toon duidelik dat *eienaarskap* huisverbetering en verfraaiing bevorder, wat 'n aangenamer ontspanningsomgewing tot gevolg het. In die meerderheid dorpe is erwe baie klein (12 m x 22 m was die algemene standaard van die destydse Administrasierade), en dit beperk die moontlikhede vir aktiwiteite soos tuinmaak en stokperdjies. Afskaffing van die Wet op Groepsgebiede (Wet 41 van 50, gewysig deur Wet 36 van 1966) (Suid-Afrika, 1966) kan daartoe lei dat persone in die hoër sosio-ekonomiese groepe uit die woongebiede sal beweeg en net die minder gegoedes in die (huidige) swart woongebiede sal agterbly. Die hoë bewoningsdigtheid onder die lae-inkomste groepe sal die klem meer op 'n ontspanningsomgewing buite die huis laat val. Dié groeiende behoefte kan deur meer ontwikkelde openbare oop ruimtes op plaaslike vlak bevredig word.

In gevestigde dorpe wat 'n tekort aan ontspanningsfasiliteite het, het 'n ontleding van beskikbare oop ruimtes aangetoon dat daar meermale onvoldoende voorsiening vir oop ruimtes gemaak is, of dat bestaande oop ruimtes nie effektief benut kan word nie. Om daardie dorpe se ontspanningsvoorsiening op te gradeer, word die volgende stappe aanbeveel:


* Stel 'n gedetailleerde *inventaris* van alle ontspanningsfasiliteie op wat aard, ligging, grootte en toestand aandui.
* Maak 'n opname van alle *oop ruimtes* en die *sonering* daarvan.
* Ontleed die heersende *ontspanningsvoorsieningsituasie* in 'n dorp aan die hand van al die genoemde riglyne om leemtes en knelpunte uit te wys.
* Stel 'n *meesterplan* op vir ontspanning wat voorsiening maak vir kort, medium- en langtermynprojekte, tesame met 'n oorhoofse finansieringsplan.
* Oor die korttermyn kan voorsiening gemaak word vir die skep van *elementêre fasiliteite* deur die oopskraap van oefenvelde en die opruim en herstel van speelparke. Oor die langer termyn kan jaarliks 'n aantal *bestaande fasiliteite* opgegradeer word deur die oprigting van omheinings en die lê van weervaste blaaie waar nodig. Die gelyktydige opgradering van die hoofstadion behoort dringend aandag te geniet.
* Indien bestaande fasiliteite aangevul moet word, moet gepoog word om aan die riglyne vir groepering van fasiliteite te voldoen. Waar nodig moet die *sonering* van onontwikkelde oop ruimtes hersien word om genoeg grond beskikbaar te stel vir die skepping van sentrale ontspanningsruimtes op plaaslike, gemeenskaps- en woonbuurtvlak. Voorkomende maatreëls kan verhoed dat oop ruimtes wat noodsaaklik vir ontspanning is, deur behuising of ander dienste in beslag geneem word. Die behoud en ontwikkeling van buffersones vir ontspanningsdoeleindes moet ernstig nagestreef word.
* Voorsiening vir die *doeltreffende beheer en beveiliging* van ontspanningsfasiliteite moet op bestuursvlak aandag geniet. Dit behels patrolering van terreine en fasiliteite, veiligheidsomheinings, beheerde toegang tot terreine asook doeltreffende verligting.

## 4 'N MULTIDISSIPLINÊRE BENADERING TOT ONTSPANNING IN STEDELIKE SWART WOONGEBIEDE

In hierdie bespreking is gewys op die werklikheid van 'n oopruimtekrisis in Suid-Afrika se stedelike gebiede en die daarmee gepaardgaande ontspanningskrisis in swart woongebiede, soos saamgevat in Figuur 1.

In die figuur word ook aangetoon dat genoemde ontspanningskrisis saamval met en spruit uit 'n beplanningskrisis, aangehelp deur gebrekkige langtermyndoelwitte en reaktiewe krisisbestuur. 'n Aantal riglyne is verskaf waarvolgens ontspanningsruimtes geskep en verbeter kan word. Beplanning hiervolgens kan daadwerklike oplossings vir die ontspanningskrisis bied. Die probleem is egter so omvangryk dat dit nie vanuit 'n enkele dissipline benader kan word nie, 'n multidissiplinêre aanslag is nodig.

Finansiële aspekte kan van deurslaggewende belang vir ontspanningsvoorsiening wees. 'n Oorhoofse finansieringstrategie is nodig, sowel as kundige insette op plaaslike vlak om die optimale benutting van hulpbronne te verseker. Die wesenlike belemmering van ontspanningsvoorsiening deur vandalisme kan tot 'n groot mate deur positiewe gemeenskapsbetrokkenheid




FIGUUR 1: *Ontspanningskrisis in Stedelike Swart woongebiede*

bekamp word. Hiertoe kan kundiges soos omgewingsielkundiges, sosioloë en ander gedragswetenskaplikes 'n noodsaaklike bydrae lewer. Programme deur opvoedkundiges en rekreasiekundiges kan op sinvolle wyse positiewe benutting van die omgewing vir ontspanning bevorder en die groot mate van passiwiteit wat onder inwoners gevind is teenwerk.

Ten spyte van die instelling van plaaslike bestuur vir swart woongebiede (1986), het dit uit talle onderhoude geblyk dat die inwoners van dié gebiede hulleself steeds verbonde voel aan die naasliggende "blanke" stede. Daarby is die verskillende dorpe en stede so interafhanklik dat die swart woongebiede, ook wat ontspanningsvoorsiening betref, nie in isolasie beskou kan word nie. Die probleem behoort dus ook vanuit 'n totale metropolitaanse perspektief benader te word. Aangesien hier te make is met die dinamiek van 'n veranderende Suid-Afrika, moet owerhede op 'n deurlopende basis gevoelig wees om veranderende houdings en behoeftes te identifiseer en politiesadministratief te akkommodeer.

Alhoewel die oopstelling van ontspanningsgeriewe vir alle rasse en die afskaffing van woonbuurtskeiding tot op 'n sekere vlak frustrasies sal verlig, kan dit nie die probleem van ontoereikende ontspanningsvoorsiening ten volle oplos nie. Daar sal steeds miljoene mense in die stedelike swart woongebiede woon met spesifieke ontspanningsbehoeftes waarvoor daar toereikende voorsiening gemaak moet word.

## 5 SLOTOPMERKING

Uit voorafgaande bespreking volg dat daar op hierdie stadium behoefte is aan 'n oorkoepelende beplanning-, voorsiening- en finansieringstruktuur. Saam met administratiewe en finansieringskundiges kan stads- en streekbeplanners 'n leidende rol speel om die verantwoordelikhede van die sentrale sowel as streeks- en plaaslike owerhede te orden, te sinchroniseer en prakties te implementeer. As doelwit word gestel dat alle beleidsaspekte vir ontspanning in 'n enkele owerheidsinstansie gesetel kan wees, vanwaar dit direk tot op plaaslike vlak afgewentel kan word. Daar word binne die huidige politiesadministratiewe struktuur aanbeveel dat die streeksdiensterade as instrument tot optrede op oorkoepelende vlak geïmplementeer word. Dit sal geleentheid bied vir gesamentlike beplanning vir en finansiering van ontspanning waar plaaslike owerhede direkte inspraak in beleidsake kan hê.

Die realiteite van swart verstedeliking in Suid-Afrika as 'n noodwendige proses dwing die owerhede tot proaktiewe optrede. Die tweeledige aard van die probleem is gefundeer in die tekort aan beskikbare oop ruimtes in gevestigde woongebiede sowel as vir nuwe nedersettings. Die blote feit dat die plakkers op Soweto se gholfbaan vir hulleself 'n oop ruimte as sokkerveld gelaat het, dui op die werklikheid van ontspanningsbehoeftes wat nie in die kwessies rondom beskikbare ruimtes vir swart verstedeliking geïgnoreer kan word nie. 'n Oplossing kan gevind word in tydige, kundige ruimtelike beplanning.

## VERWYSINGS


*BEELD* 1990a. Plakkery-beleid nodig. 25 Julie, Johannesburg.

*BEELD* 1990b. 400 000 nuwe huise per jaar is nodig. 25 Julie, Johannesburg.

BEUKES, J.H. & LANGLEY, D.S. 1986. *Die geldigheid van die huidige praktyk van skeiding van grondgebruik en sonering in swart dorpe asook ander faktore wat die ontwikkeling van die kleinsakesektor raak.* Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

BURTON, T.L. 1971. *Experiments in Recreation Research.* Londen, Allen & U nwin.

BUTLER-ADAM, J.F. & FRANKE, A.F. 1986. "Recreation and social need: principles and an illustration – the case of 'people's parks." *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Navorsing in Sport, Liggaamlike Opvoedkunde en Ontspanning*, Vol 9 No 1 pp 71-81.

CLAWSON, M. & KNETSCH, J. 1966. *Economics of Outdoor Recreation.* Baltimore, John Hopkins.

DEWAR, D. 1976. *Some issues of urbanization in South Africa.* Ongepubliseerde referaat gelewer tydens die Businessmen's Conference on the Quality of Life in Urban Communites. Johannesburg, Stedelike Stigting.

FINANSIES & TEGNIEK 1990. Verskuilde Soweto's op platteland. 27 Julie, Johannesburg.

GILIOMEE, H. & SCHLEMMER, L. 1985. *Up against the fences: poverty, passes and privilege in South Africa.* Kaapstad, David Philip.

GOLD, S.M. 1980. *Recreation Planning and Design.* New York, McGraw-Hill.

HUNTLEY, B. et al 1989. *South African environments into the 21st Century.* Kaapstad, Human & Rousseau.

KIES, C.W. 1982. *Problems relating to the use of leisure in Soweto: a preliminary survey.* Verslag No S-76. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

MORRIS, P. 1981. *A History of Black Housing in South Africa.* Johannesburg, Stedelike Stigting.

MOSTERT, W.P. et al 1985. *Demografiese implikasies van alternatiewe migrasiescenario's met betrekking tot die Suid-Afrikaanse swart bevolking.* Verslag No S 133. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

OLIVIER, J.J. 1984. *Die problematiek van verstedeliking in Bophuthatswana en Kwazulu: 'n geografiese vertolking binne Afrikaverband.* DPhil-proefskrif. Pretoria, Universiteit van Pretoria.

PUTTERILL, M.S. & BLOCH, C. 1978. *Ontspanningsbehoeftes vir stedelinge: 'n oorsig van behoeftes en metodes met riglyne vir verandering.* Kaapstad, Citadel Press.

RGN 1982. *Sport in die RSA* (Verslag No 1). Sportondersoek. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

SMIT, P. & BOOYSEN, J.J. 1981. *Swart verstedeliking: proses, patroon en strategie.* Kaapstad, Tafelberg.

STEYN, J.N. 1983. "Public recreational space in South Africa's urban areas: suggestions for planning," *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Navorsing en Sport, Liggaamlike Opvoeding en Ontspanning,* Vol 6, No 2 pp 114-126.

STEYN, J.N. 1987. *Beplanningsriglyne vir die Voorsiening van Sportfasiliteite deur Plaaslike Owerhede.* Verslag No 4/87. Pretoria, Suid-Afrikaanse Vereniging vir Sportwetenskap, Liggaamlike Opvoedkunde en Rekreasiekunde.

STEYN, J.N. et al 1985. "Sport- en rekreasievoorsiening aan Swartes: besluitnemingsraamwerk en ruimtelike patrone," *Die Suid-Afrikaanse Geograaf*, Vol 13, No 1, pp 51-64.

Suid-Afrika. 1966. *Die Wet op Groepsgebiede, No 36 van 1966.* Tot samevatting van die wetsbepalings betreffende die instelling van groepsgebiede, die beheer van die verkryging van onroerende goed en die okkupasie van grond en persele en aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Suid-Afrika. 1983a. *Die toekomstige ruimtelike patroon van swart vestiging in die PWV-gebied.* Departement van Samewerking en Ontwikkeling. Pretoria, Staatsdrukker.

Suid-Afrika. 1983b. *Oopruimtestandaarde.* Lêer PB-4-1-7-8. Direkteur van Plaaslike Bestuur. Pretoria, Transvaalse Provinsiale Administrasie.

Suid-Afrika. 1985a. *Bevolkingsensus* Verslag No 02-85-01. Departement van Statistiek. Pretoria, Staatsdrukker.

Suid-Afrika. 1985b. *Verslag van die Komitee vir Staatkundige Aangeleenthede van die Presidentsraad oor 'n Verstedelikingstrategie vir die Republiek van Suid-Afrika.* Verslag No P.R. 3/1985. Pretoria, Staatsdrukker.

WILSON, G.D.H. & HATTINGH, P.S. 1988. *Recreation within the black townships of the PWV region.* Pretoria, Universiteit van Pretoria.

WILSON, G.D.H. 1989. *Ontspanning in die swart woongebiede van die PWV-streek: 'n geografiese perspektief.* Ongepubliseerde DPhil-proefskrif. Pretoria, Universiteit van Pretoria.